

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here alleen ly en opstaan uit die dood om sy kerk met sy genade en liefde te bedien. Jesus Christus het nie deur sy heilswerk Baas geword nie maar Denaar. Daarom kan ons nie sy lydingsbeker drink nie en nie só saam met Hom Baas en baasspelrig oor die goddelose wêreld word nie. Hy maak ons dienaars in sy liefde en gee vir ons nie sy lydingsbeker nie, maar die Nagmaalsbeker om te wys Hy het ons tot diens losgekoop, nie tot baasskap bemagtig nie.

Skriflesing Markus 10: 32 – 45

Teks Mark. 10: 39 b “Jesus sê toe vir hulle: “Die beker wat Ek drink sal julle drink en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.”

Tema Christus se losprys maak ons dienaars.

1. Saam ly! Saam stry! Saam regeer!

Dit is die geloof en fokus van Jesus se dissipels terwyl die Here al haastiger op pad is na Jerusalem. Die Here was só haastig en gefokus na sy lyding en kruisiging op pad dat Hy nie meer saam met sy dissipels gestap het nie, maar onder hulle begin uitloop het. Dit teks stel dit só: “Jesus het vooruitgeloop.”

Jesus was so gefokus dat sy dissipels verward en die meelopers bang was.

Dit is toe dat die Here vir die twaalf sy doelwit en beplanning vir die derde keer verduidelik, wat Hom so haastig maak: Hy gaan oorgelewer word, ter dood veroordeel word, verneder word, op gespoeg word en geselsel word en dan dood gemaak word en op die derde dag gaan Hy uit die dood uit opstaan.

Wat die Here hier volgens Markus nog nie sê nie is dat Hy gekruisig gaan word.

2. Jesus se aankondiging en die haastigheid waarmee Hy op pad is op te doen wat Hy aangekondig het, ontlok dadelik by die twee dissipels Jakobus en Johannes, twee broers die reaksie om aan Hom 'n versoek te rig. Hierdie versoek is omdat hulle sy aankondiging dat Hy in die stryd en lyding wat op hulle in Jerusalem wag, sal doodgaan.

Hulle vra dat die Here hulle twee in rangorde as sy opvolgers sal aanstel. Sy eerste opvolger moet Hy aan sy regterhand aanstel en sy tweede opvolger moet Hy aan sy linkerhand aanstel.

As gelowiges mis ons vandag die bedoeling van hulle vraag om opvolgers in rangorde aan te wys voor Hy in die stryd in Jerusalem sou doodgaan. Hulle vra

Christus se losprys maak ons dienaars

Jesus om die volgende Christusse na sy dood aan te wys wat Hom in rangorde as die volgende Christusse sal opvolg.

3. Hulle versoek aan die Here wys hoe hulle sy aankondiging oor sy dood en opstanding gehoor, gesien en geglo het: hulle gaan saam met Jesus na Jerusalem om teen die Joodse godsdienstige leiers en die Romeinse onderdrukkers saam met hom te stry, te ly en dood te gaan as dit moet, om die nuwe koninkryk van die Messias, die Christus in Jerusalem op te rig waar God se nuwe mag oor goddeloses gevestig sal word sodat hulle as die regverdiges en yweraars vir God oor die goddeloses sal regeer met mag.

Sou Jesus in Jerusalem doodgaan, soos Hy aangekondig het, dan sal hulle Hom as die Christus opvolg in rangorde as die volgende Christusse en sorg dat die godsdienstige mag van die nuwe Messiaanse koninkryk wat Hy in Jerusalem gevestig staande sal bly en oor die hele wêreld deur die opeenvolgende Christusse uit gebrei sal word.

4. Jesus spreek hulle ongeloof in wat Hy vir hulle gesê het aan met die volgende vraag: “Kan julle die beker drink wat Ek drink of kan julle gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?”

Volgens die Here se eie woorde in vers 45 beteken sy vraag: Kan julle jul lewe as losprys gee vir sonde om hul los te koop van sondes?” Hierdie vraag is nie in misterie en onverstaanbaarheid gehul nie. Die Here het dit voor die tyd vir hulle aangekondig en duidelik gestel dat Hy gaan die Christus wees volgens die Wet en profete volgens gedeeltes soos Ps. 22 en Jesaja 52: 13 – 53: 12. Hy is die Christus wat baie gaan regverdig maak deur hul skuld te dra (Jes. 53: 4, 5, 11, 12), Hy sal vir hulle sondes verbrysel word (Jes. 53: 10), mishandel word en nie weerstand bied nie (Jes. 53: 7), vir hulle sal sterf (Jes. 53:8) en weer uit die dood sal opstaan. (Jes. 53: 11)

Hulle antwoord uit hulle ongeloof in wie die Here is en wat Hy gaan doen dan met die innerlike oortuiging dat hulle ook na Hom Christusse kan wees: “Ons kan!” Hulle het geglo dat hulle ook soos Hy kragt van God wat bemaagtig sal word kan wees, volgens Jes. 53.

Hulle glo hulle kan net soos Jesus ly, stry en regeer in God se Messiaanse koninkryk!

5. Die Here spreek hulle ongeloof aan dat hulle net soos Hy kan ly, stry en regeer met 'n verwysing oor base en baasspelerigheid. Hulle ongeloof in Hom is die geloof van mense in magte ene bemaagtigde wêreld en geestelike leiers! Mense soek magtige leiers!

Christus se losprys maak ons dienaars

Dit werk só! Ons soek 'n sterk leier wat die baas kan wees, hy moet met mag kan baasspeel oor alles wat ons pla en ons sal hom bemaagtig om baasspelerig oor al sy vyande te wees sodat ons ook saam met hom oor al ons vyande baasspelerig kan wees.

Só het die dissipels die Here Jesus se aankondiging oor sy lyding, stryd, dood en opstanding gehoor! Hy gaan veg, ly en stry teen die Joodse leiers wat saamsweer saam met die goddelose Romeine, die valse geestelike leiers van God se volk, sodat Hy die mag van die nuwe Messiaanse Ryk kan vestig. Hy gaan hierdie nuwe baasskap oor goddeloses en onregverdiges instel, en as Hy dood gaan sal hulle dit instandhou en uitbrei, deur net so knegte te wees soos Jesaja 53 dit uitgewys het.

Ons kan!

Ons is God se regverdiges, sy yweraars wat vir sy belange, sy saak, sy Naam en mag lei, stry en heers, net soos die eerste Christus, Jesus! Ons gaan in die Naam van Jesus en die krag van Jesus se Naam, God se bevryders vir onderdrukte regverdiges wees.

6. Jesus wys hulle ongeloof in sy lyding en opstanding tereg met hierdie woorde: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.”

Dit is glad nie só dat die Here Jesus homself hier korrigeer en erken dat Hy eers 'n fout gemaak het deur met 'n vraagsin te stel dat hulle dit nie kan doen nie. Die Here begin hulle ook nie aanspreek en die regte betekenis van sy lyding, dood en opstanding aan hulle te verduidelik nie. Dit was vir hulle onmoontlik om te glo wat Hy sê en bedoel omdat Hy dit nog nie gedoen en Homself só openbaar het nie. Nie een van ons sou die Here geglo het sou ons met Hom saam geloop het op pad na Jerusalem en Hy het vir ons vertel Hy gaan ly, dood gaan en dan op die derde dag uit die dood uit opstaan nie.

Jesus se teregwysing in die woorde: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word”, wys dat die enigste beker wat hulle sal drink is die Nagmaalsbeker wat die Here gaan instel en die enigste doop waarmee hulle gedoop sal wees, is die doop met water waarmee die Here gedoop is deur Johannes die Doper.

Met beker bedoel die Here die nagmaalsbeker en doop, die water van die doop in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.

7. Hoe is dit 'n teregwysing?

Christus se losprys maak ons dienaars

Want dit wys dat die enigste wyse waarop hulle kan deel in sy lyding en dood en opstanding, is deur die tekens van die nagmaal en doop te gebruik. Hulle sal op geen manier saam met Hom sy lyding ly, sy stryd stry, sy dood sterf en saam met Hom uit sy eie dood uit opstaan nie.

Daarom sal hulle ook glad nie deel kry of hê aan sy heerskappy as die Christus nie! Want deur sy lyding en opstanding skep Hy glad nie 'n nuwe geestelike mag waarmee Baas word en baasspelerig oor mense is nie. Christus is die Here en God! Hy word nie Baas of meer baas in wat Hy doen nie en nog minder word Hy as Here baasspelerig.

Deur sy lyding, dood en opstanding is Hy die Here wat dien, nie 'n nuwe Baas wat baasspeel nie!

As dit vir u ongemaklik voel om dit so te hoor, luister weer na die Here se eie woorde: “die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien...” Christus se lyding, dood en opstanding maak Hom Bedienaar! Nie 'n nuwe goddelike heerser met goddelike magte en kragte oor onregverdiges en goddeloses nie!

8. Hoe kan die Here Jesus, self God Bedienaar wees?

Dit openbaar die Here in hierdie gedeelte met die woord “losprys.” Met hierdie woord verduidelik die Here nou die eerste keer in Markus die heilsbetekenis van sy lyding, dood en opstanding.

Hy dien deur sy lewe as losprys vir baie te gee.

Hierdie beker en doop om die losprys te wees, kan geen dissipel met Hom drink om met Hom gedoop word nie. Die Here dien, deur die losprys te wees wat mense dienaars van God maak. Die Here bevry nie onderdrukte nie. Dit is die besondere van hierdie aanduiding van die betekenis van die Here se lyding en opstanding. Met sy losprys maak Hy mense dienaars en slawe, nie medestryders en mederegeerders nie.

Hoe maak 'n losprys jou 'n dienaar en 'n slaaf?

Alles wat die Here met sy lyding, kruisiging, dood en opstanding doen is 'n losprys.

- Losgekoop van die skuld, oordeel, straf en vervloeking wat jou as sondaars toekom.
- Losgekoop om nie straf te dra nie, maar om weer diensbaar aan God te wees.

Christus se losprys maak ons dienaars

- Losgekoop deur net Een wat sy lewe as losprys gee, deur niemand anders nie.
- Losgekoop deur alleen sy lyding, dood en opstanding, sonder enige saam ly, saam doodgaan en saam opstaan.
- Losgekoop deur die Here wat die losprys was en nou die betaling gee.

9. Die dissipels wou nie losgekopte dienaars en slawe vir God wees nie. Hulle wou saam met Christus stry, ly en opstaan om saam met Hom te regeer. Hulle wou die bevryders wees.

- Hulle wou die regverdige Jode van die onderdrukkende ongeregtigheid van die goddeloses Romeine bevry.
- Hulle wou die onskuldige Jode van die skuldige godsdienstige leiers van die Joodse Raad bevry.
- Hulle wou die onmagtige Joodse godvresendes en vromes teen die mag van hulle onderdrukkers bemagtig om vry te wees.

Eers saam met Jesus as die Christus in Jerusalem en na sy dood as die volgende Christusse in Jerusalem.

Vrygemaak vir wat?

Om saam baas en baasspelerig te wees oor onregverdiges en goddeloses.

Hierdie geestelikheid is die geestelikheid van hierdie wêreld wat net nog 'n mag is soos alle ander menslike magte. Saam met Mandela stry ons, ly ons en heers ons. Met sy lyding in die tronk van net pap eet en onder net een kombers slaap het hy gestry en gely vir vryheid van onderdrukking. Só het hy die mag gekry om die volgende baas te word en almal wat saam gely en gestry het, kan nou saam baas en baasspelerig wees.

Ons het hierdie mag opgebou en uitgeoefen in die Naam van Paul Kruger. Hy het gestry en gely teen die Engelse om vryheid te kry, en ons het saam gely en gestry om te kan baas wees oor almal in die land en in sy Naam baasspelerig te wees oor almal.

Net so wou die dissipels saam met Jesus stry, ly, doodgaan om saam die geestelike base te wees wat oor al die onregverdige en goddelose mense baasspeel. Eers saam met Jesus en as hy dan dood gaan, in sy Naam sodat Hy nog deur ons en ons in sy Naam baas en baasspelerig is.

Christus se losprys maak ons dienaars

Nee! Jy doen dit nie. Jy is nie saam met die Here die losprys vir ander se sondes nie.

10. Kyk na die beker en die brood van die nagmaal! Wat soek ons in die tekens?

Wat sien jy? Wat soek jy?

Soek jy 'n teken dat die Bedienaar jou tot sy diens losgekoop het of soek jy 'n teken van bevryding? Wil jy saam met die Here sy beker drink en met sy doop gedoop word, of wil jy die nagmaalsbeker en doop in sy Naam as tekens opneem dat Hy jou losgekoop het om 'n dienaar van God te wees? Wil jy 'n bevryder en baas saam met Jesus wees of 'n sondaar wat deur die Bedienaar losgekoop is om die God te dien?

Want eintlik is die hele Christelike kerk vandag deurdring met die soek na bevryding, nie om losgekoop te word om dienaar te wees nie.

Dit klink só! Die Here bevry arbeiders van hulle onderdrukkende werkgewers sodat arbeiders vry kan wees. Hy gaan die arme onskuldige arbeiders vrymaak van die skuldige boere. Die Here bevry die goeie homoseksuele van hul onderdrukking deur slegte gemeenskap, die regverdige vroue van die onregverdige chauvinistiese mans en die weerlose onskuldige tieners van hul patriargale onderdrukking deur hul ouers!

Kan u die dissipels se geloof hoor?

Ons gaan saam met die Here lei vir die arme onskuldige Jode teen hulle onderdrukkers!

11. Ek wil graag vir u 'n vraag vra. Het u al gedink hoekom wil so baie mense jou bevry? Hoekom sien almal jou as een of ander armsalige onderdrukte mensie wat deur hulle bevry moet word?

Het u al ooit daarvoor gedink en dit raakgesien, wat word die geestelikes, die predikante, pastore, priesters en leiers wat mense bevry?

Hulle wat jou bevry word die baas! Hulle word baasspelerig saam met Jesus en só word hulle die kerk se bemagtigde leiers in die vergaderinge van die kerk en die professore in die fakulteite van die kerk!

Jou bevryding maak hulle saam met Jesus baas en baasspelerig! Jy wil dit so hê vir hulle want jy glo dat jy saam met hulle baas is en baasspeel. So werk alle bevryding!

Kan u die Nagmaalsbeker só gebruik? Ek ly saam met die Here om saam met die Here baas te wees en baas te speel?

Christus se losprys maak ons dienaars

Of wil u die Here se woorde hoor?

Julle sal my beker drink! Jy is nie hierdie goeie, regverdige en liefdevolle mens wat saam met die Here baas is nie! Jy is innerlik te sleg, te diep in jou skuld by God en te vervul met haat om vir God 'n vryheidsvegter saam met Jesus vir sy koninkryk te wees.

Christus gee jou sy beker, die Nagmaalsbeker sodat jy juis kan weet dat Hy jou met sy losprys loskoop om weer vir God dienaar te wees, nie mede-baas nie. Sy beker wys jy het nie skuld vir jou oortredings nie omdat Hy jou loskoop. Sy teken wys nie dat jy saam ly, gekruisig word en sterf vir God nie. Hier ontvang jy die Nagmaalsbeker van die Dienaar, Jesus Christus wat jou loskoop!

Wanneer jy hierdie Nagmaalsbeker in hierdie geloof in Hom opneem, maak Hy jou 'n dienaar, nie 'n baas nie. Hy maak ons regverdig, onskuldig en goed vir sy diens. Ons moet die beker opneem – sy losprys maak my dienaar. Ontvang dit as teken nou is ek God se slaaf, nie saam baas nie, want dan kan ons God dankbaar dien.

Verwerp met hierdie Nagmaalsbeker die beker wat die geestelikes van hierdie wêreld vir u wil gee: ly saam met Jesus om saam met Jesus bevryder en baas te wees! Geestelik baasspelerig oor al die onregverdige, skuldige en liefdelose mense wat nie saam met Jesus en ons baas is vir onderdruktes nie.

Kom ons los sy beker en neem ons beker op! Kom ons gebruik die Nagmaal!